LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

NUUSBRIEF 22/2025

## Mnr Gawie sê sy sê...Winter

Winter is vir baie mense 'n moeilike tyd. Ons kry koud en moet baie klere aantrek om warm te kry, en dan is ons soms ongemaklik. Ons sien minder son en sonskyn laat ons lekker voel. Dit is ook bewys dat mense baie meer neerslagtig voel in die winter as tydens die somer of lente. Wanneer ons depressief voel, oefen ons gewoonlik minder, slaap meer en eet ongesond. Hierdie gewoontes sal egter bydrae dat ons meer depressief voel. Oefen is baie belangrik om die goedvoelhormoon vry te stel, alhoewel ons genoeg moet slaap, is te veel slaap ook nie goed nie. Gesonde eetgewoontes dra ook by dat ons beter oor onsself voel. Hoe gaan ons dan hierdie winter neerslagtigheid aanspreek? Maak doelgerig 'n plan om te oefen, al is dit net om daagliks te gaan stap. Skep goeie roetine rondom slaap gewoontes, onthou mense wat te veel slaap, slaap ook nie altyd goed wanneer hulle moet slaap nie. Ons elkeen moet na ons eetgewoontes kyk en genoeg water drink. Leer om nee te sê vir daardie een lekkergoed wat te veel is. Laastens, geniet die son. Die winterson is 'n besonderse lekker plek om tyd in te spandeer. Kry 'n lekker plek in die son waar u 'n lekker boek kan lees of net bietjie tyd saam met u Skepper kan deurbring.

## Week se Program

### 30 Junie 2025

- Krieket o/10 vs LS Trichardt

### 19 Julie 2025

- Landloop Klub Wedloop

### 1 tot 4 Julie 2025

- Kriekettoer o/12 te Witrivier

### 2 tot 3 Julie 2025

- Krieketkliniek o/9 & o/10

### 4 tot 6 Julie 2025

- Landlooptoer te Badplaas

### 9 tot 12 Julie 2025

- Hokkietoer o/12 & o/13 S & D te Camp Discovery

### 13 tot 16 Julie 2025

- Super 12 Krieket o/11 te Rustenburg

### 16 tot 19 Julie 2025

- Super 12 Krieket o/13 te Rustenburg

### 25 Julie 2025

- Hokkieliga o/11 & o/13 S te Curro
- Skaak Hoëveldgroep

### 26 Julie 2025

- Bergfiets TWK te HS Secunda
- Hoëveldgroep Hokkie te LS Marietjie van Niekerk
- Landloop ASA te LS Goedehoop
- Expo - Gert Sibande

### 25 tot 26 Julie 2025

- Netbal Top Schools

## Goegieland

As jy vandag jou skoene verkeerdom aan het, jou kind se kosblik op die kombuiskas vergeet het, en jy nie meer seker is watter dag dit is nie… dan weet jy, die kwartaal is klaar! Ons sê 'n groot dankie vir al julle ondersteuning, grappies by die hek, en hulp by sportdae. Die kinders het gespeel, geleer en geglimlag.

Ons herinner u aan die konsert se "USB"-stokkies wat te koop is. Volg gerus die skakel om te bestel.

Die Skakel!

**Soete Drome**

Ons juffrouens gaan nou eers 'n paar dae plat lê – waarskynlik op die vloer van die klaskamer tussen stukkende kryte en verlore sokkies, maar ons harte is vol! Dankie dat julle deel is van ons kleuterskoolfamilie. Julle kinders is kosbaar, en julle maak dit vir ons maklik om elke oggend met 'n glimlag op te daag (selfs al is dit voor ons eerste koppie koffie). Geniet die vakansie – rus lekker, speel hard en onthou: sokkies kom wel terug huis toe… "eventually".

Vriendelike groete,
Die Kleuterjuffrouens met die groot harte uit Goegieland



**Skool open op Dinsdag, 22 Julie 2025 vir die 3de kwartaal**

# Terugblik

Die einde van die kwartaal het ons weereens soos 'n dief in die nag bekruip. Hierdie kwartaal het stadig begin met April se vakansiedae wat baie ontwrigting veroorsaak het. Nog steeds is alles in die kwartaal gedoen wat gedoen moes word, dit het veroorsaak dat ons redelik vinnig beweeg het in Mei. Die eksamen is verby en oor die algemeen is ons tevrede met die uitslae wat die kinders behaal het. Ons merk op dat die vraestelle van die department meer en meer begin fokus op die toepassing van kennis en nie net die weergee van dit wat geleer is nie. Hierdie is ‘n goeie praktyk, want ons moet kan toepas, veral as ons in ag neem wat van die kinders in die hoërskool verwag kan word. Daar is egter steeds by ons 'n bekommernis oor sommige kinders wat nie leer vir die eksamen nie. Om te kan presteer moet die kinders hulle deel gedurende die kwartaal bring, maar hulle moet ook leer vir die eksamen.

Kinders is opgewonde oor die vakansie wat begin. Verskeie kinders gaan op verskillende toere, ons wil ook vir hulle baie sterkte toewens. Ons weet ook baie van ons kinders gaan nie op toere nie, en die gesin gaan ook nie met vakansie nie. Alhoewel die kinders lekker moet rus, moet ons as ouers ook help dat hulle vakansie reg bestuur word. Kinders moet speel, en hullle moet bietjie tyd saam met maats spandeer wat net in 'n ontspanne atmosfeer is. Ons moet egter versigtig wees vir skermtyd, ouers moet help om hierdie te bestuur. Ons wil u as ouers aanmoedig om hierna te kyk. Kinders moet buite speel, begin om 'n instrument te leer speel, kaartspeletjies leer, bal buite skop, gaan stap as gesin saam om die blok in die aand as mamma en pappa by die huis kom. Hierdie is die ideale geleentheid waar kinders ook kan help met takies rondom die huis. Die kinders moet lekker rus en speel, maar wees versigtig vir leeglê.

# Akademie

Meeste van die vraestelle is hierdie week behandel en kinders het reeds die geleentheid ontvang om die vraestelle met die personeel te bespreek. Soos die personeel die vraestelle analiseer is dit belangrik dat u as ouer ook bewus is van watter werk u kind uitdagings ervaar. Hierdie gee die geleentheid vir effektiewe kommunikasie. Hoe vinniger 'n probleem bespreek word, hoe vinniger kan ons planne beraam om die kinders te help. Neem asseblief tyd en bestudeer u kind se rapport en vraestelle sodat die werk waar die kind uitdagings ervaar met redemiëring aangespreek kan word. Indien u enige bekommernisse het, moenie huiwer om die skool te kontak nie.




| 30 Jun | 1 Jul | 2 Jul | 3 Jul | 4 Jul | 5 Jul | 6 Jul |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Wessel Vermaas<br>Kiarra-Lee du Preez | Lea Pruis | Mioné Mostert<br>Carel Marais<br>Tracy Booyens | Melo Nkambule<br>Keagan Nelson<br>Christian Genis | Aiden v Zyl | | Melea Bezuidenhout<br>Juliska Hepburn |
| **7 Jul** | **8 Jul** | **9 Jul** | **10 Jul** | **11 Jul** | **12 Jul** | **13 Jul** |
| | Xavier vd Merwe<br>Heilem Strijdom<br>McKenzie Bloem<br>Raiden vd Merwe | Luwan la Grange<br>Theodore Smith<br>Eduard Pretorius<br>Adriaan v Rooyen<br>Luke v Vuuren<br>Chanté Swanepoel<br>Ronaldo De Meillon | Ilan Fick<br>Logan Alberts<br>Simone v Staden<br>Zian Mocke<br>Michael Hobkirk | Edzio Stander<br>Jeanique v Nieuwenhuizen<br>Nian Rust<br>Duhandré Carstens<br>Johan de Wet | Chaelyn Amsterdam<br>Amelia Theunissen<br>Brandon Brown | Heinz vd Berg<br>JD vd Merwe<br>Abbigail Voges |
| **14 Jul** | **15 Jul** | **16 Jul** | **17 Jul** | **18 Jul** | **19 Jul** | **20 Jul** |
| Xander Oosthuizen<br>Corné Pretorius | Adriaan Schoeman | Nicole Oosthuizen<br>Darius Robbertse | Phoenix Anderson<br>Anke Cloete<br>Elizka Smit<br>Ewan Rynders | Dandre Verwey<br>Chantéy du Plessis<br>Francois du Plessis<br>Miané Fourie | Jo-anne Carroll<br>Caleb Groenewald | Melandie Faber<br>Kaylie Serfontein |
| **21 Jul** | **22 Jul** | **23 Jul** | **24 Jul** | **25 Jul** | **26 Jul** | **27 Jul** |
| Mia-Lee de Beer | Mackenzie du Preez<br>Rylan Strydom<br>Cameron vd Westhuizen | Alné Rupping | Arno Raath<br>Xavier Moll<br>Ivan Henrico<br>Hardus Groenewald | Micah Mostert<br>Dimitri Blom | Lanica Snyman<br>EJ Waterso-Venter | Ewan Koch<br>Lian Schizzarotto<br>Aiden Knoetze<br>Marli Potgieter<br>Khloë Bennett |

# Expo

Baie geluk aan die volgende leerders wat gekwalifiseer het vir die Gert Sibande Expo wat plaasvind op 26 Julie! Hulle het hul eerste rondte op 13 Mei 2025 voltooi. Hierdie leerders moet hul projekte in Engels aanbied, en alle vrae word ook in Engels aan hulle gestel. Baie navorsing en harde werk is reeds gedoen. Dankie vir julle volgehoue toewyding – ons is opreg trots op julle puik prestasie!

Milan Zwarts – Early Detection of Epilepsy
Michael van Niekerk – Our Waste, Our Future: Are We Doing Enough?
Theo Kruger – Our Waste, Our Future: Are We Doing Enough?
Leané Luddick – Hydrogen Energy
Minette Bezuidenhout – Hydrogen Energy
Mia van Eeden – How Music Affects Horse Behaviour: A Study on Classical, Jazz and Metal Genres
Philip Cloete – Outdoor Smart Home: Electrical, Electronics and Embedded Systems
















# Dramaklub

Baie geluk aan die volgende leerders met hul pragtige prestasies tydens die Con Spirito-kompetisie. Ons is trots op julle!

| | | |
|---|---|---|
| Evalt Vermaas | Ongedramatiseerde Poësie | 94 % |
| | Gedramatiseerde Poësie | 94 % |
| Klara Meyer | Gedramatiseerde Poësie | 93 % |
| | Gedramatiseerde Prosa | 93 % |
| Luka Breytenbach | Gedramatiseerde Poësie | 93 % |
| | Dramatised Poetry | 91 % |
| Wessel Vermaas | Ongedramatiseerde Poësie | 94 % |
| Linay Hartzer | Gedramatiseerde Poësie | 94 % |
| | Undramatised Poetry | 95 % |
| Leané Luddick | Gedramatiseerde Poësie | 93 % |
| | Dramatised Poetry | 93 % |
| | Mimiek | 95 % |
| | Monologue | 92 % |
| Karlienke Norman | Voorbereide Gediglees | 93 % |
| | Onvoorbereide Lees | 93 % |

Die Skakel!

Goedes July

# Oppie-Knoppie

Ons is baie opgewonde om aan te kondig dat daar in Kwartaal 4 'n Oppie-Knoppie-aand gaan wees. Die Top 10 van Graad 4 tot 7 vs die ouers. Kom ons kyk wie gaan as wenners uit die stryd tree.....leerders of die ouers?

# Goedes July

Die vakansie mag dalk op hande wees, maar die Goedes July Gees gaan verseker nie rus nie! Kom Mambo, Tango, Salsa of sommer net sokkie saam! Early-bird kaartjies beloop R500 per persoon. Boek `n tafel saam met vriende, familie of sommer net lekker mense! Volg die link en koop jou kaartjies nou! Dis `n aand van lag, mekaar uitdaag en gesellig verkeer. Indien moontlik...los die kinders by die huis en kom ontsnap vir `n paar ure terwyl u soos 'royalty' lyk. Daar is nie sulke prag-geleenthede in die dorp soos diè geleentheid nie! 1,2 Cha-cha-cha.... 'Samba' jou daar!



# Netbal Mpumalanga Kampioenskappe



Ons is ongelooflik trots op ons o/12- en o/13-netbalspanne wat hul harte uitgespeel het tydens die Mpumalanga Kampioenskappe! Julle toewyding, spanwerk en ware sportmansgees het nie net indruk gemaak nie – dit het uitgeblink!
Resultate:

- o/12-span eindig 4de in Mpumalanga
- o/13-span eindig 1ste in Mpumalanga

GROOT NUUS! Ons o/13A-netbalspan het gekwalifiseer vir die SASN Nasionale Kampioenskappe wat op 24 & 25 Julie 2025 in Polokwane by Hoërskool Pietersburg plaasvind! Dis 'n besonderse mylpaal – baie geluk aan elke speler en afrigter. Julle harde werk en deursettingsvermoë is besig om vrugte af te werp!

# Bergfiets

Elke dag staan mens op met twee geskenke. 'n Kans en 'n keuse. Hierdie leerders van Laerskool Goedehoop het die kans gevat, hul fietse opgesaal en gekies om die beste te doen wat hul kon! Saterdag 21 Junie 2025 het 29 fietsryers aan die eerste ligawedren te Piet Retief deelgeneem. Baie geluk aan die maats wat klaar gemaak het en nie opgegee het nie! Ons is trots op elke kind!

**UITSLAE VAN WEDREN 1 – 21 JUNIE 2025**

**SUB-NIPPERS SEUNS (0/6 – 0/8)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Tristan van Schalkwyk | - | 7de | - | Gr. 2 |
| Francois du Plessis | - | 8ste | - | Gr. 0 |
| Luan Nieuwoudt | - | 13de | - | Gr. 2 |
| Victor van der Walt | - | 17de | - | Gr. 2 |
| Zayden Fouché | - | 18de | - | Gr. 1 |
| Vincent Moffett | - | 26ste | - | Gr. 1 |
| Dehan Dalgleish | - | 29ste | - | Gr. 0 |

**SUB-NIPPERS DOGTERS (0/6-0/8)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Gabriella Matthee | - | 4de | - | Gr. 2 |
| Danél van der Walt | - | 10de | - | Gr. 0 |

**NIPPERS SEUNS (0/9 - 0/10)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Stephen Mouton | - | 8ste | - | Gr. 3 |
| Erik du Plessis | - | 11de | - | Gr. 3 |
| JR Jansen van Vuuren | - | 17de | - | Gr. 4 |
| Janco Kruger | - | 20ste | - | Gr. 3 |
| Stian Storm | - | 22ste | - | Gr. 3 |
| Christian Venter | - | 24ste | - | Gr. 3 |
| Hugo Ellis | - | 29ste | - | Gr. 3 |

**SPROG SEUNS (0/11 – 0/12)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Sebastiaan Matthee | - | 6de | - | Gr. 6 |
| Mattias Viljoen | - | 27ste | - | Gr. 6 |
| Rayner Nieuwoudt | - | 28ste | - | Gr. 5 |
| Johan Fourie | - | 29ste | - | Gr. 5 |
| Carter Brown | - | 33ste | - | Gr. 6 |
| Brandt du Plessis | - | 37ste | - | Gr. 6 |

**SPROG MEISIES (0/11-0/12)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Lumé Storm | - | 4de | - | Gr. 5 |
| Marisa Mouton | - | 7de | - | Gr. 5 |
| Marli Potgieter | - | 11de | - | Gr. 5 |
| Liané Rust | - | 12de | - | Gr. 5 |

**SUB-JUNIOR SEUNS (0/13)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Brandon Brown | - | 20ste | - | Gr. 6 |

**SUB-JUNIOR DOGTERS (0/13)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Monique Phillips | - | 4de | - | Gr. 7 |



# Rugby Cravenweekspan

Baie geluk aan Edmund Ferreira wat opetrek is vir die o/13A Cravenweekspan. Ons is trots op jou!




# Landloop

Baie geluk aan al ons landloopatlete wag op Dinsdag, 24 Junie 2025 aan die vriendskaplike wedloop deelgeneem het by Laerskool Oranjegloed. Goedehoop het in 6 van die 12 wedlope 'n eerste plek behaal. Ons is trots op elkeen van ons atlete!

| | | |
|---|---|---|
| Jana Steyn | - | o/8-Dogter |
| Arlu Greef | - | o/8-Seun |
| Charlize Labuschagne | - | o/10-Dogter |
| Emma du Plessis | - | o/11-Dogter |
| Izanie Ferguson | - | o/13-Dogter |
| Willie-Uys J v Rensburg | - | o/13-Seun |

















LAERSKOOL GOEDEHOOP

GROEI EN BLOEI

**Goedehoop-Groete**
**Mnr. Gawie van Niekerk**
**Prinsipaal**

